

20 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 78
Fokusgedeelte: Psalm 78:6

Sodat die volgende geslag dit kan weet

In hierdie Psalm word die geskiedenis van die Israëliete vanaf die uittog uit Egipte tot en met die regering van Dawid vir ons vertel. Die digter doen dit sodat die volgende geslag dit kan weet. Hy verheerlik nie sy volk deur die lelike te verswyg nie. O nee! Hy kla oor hulle opstandigheid, ongehoorsaamheid (vs 8) en verbondsverbreking (vs 10). Hy beskuldig hulle van skandelige vergeetagtigheid ten opsigte van God se wonderdade (vs 11), van uittartende ongeloof (vs 18), valsheid (vs 57) en afgodery (vs 58). Geen wonder dat God sy volk in ballingskap onder die Filistyne weggestuur het nie! Een ding moet die volgende geslag egter ook weet: dat God ook 'n God van genade is en dat Hy vir Dawid uitverkies het om sy volk met toewyding en met oorlog te lei (vs 72).

Hierdie Psalm herinner ons aan die wonderdade van God, wat sy geliefde Seun aan die kruis vir ons sondes laat sterf en uit die dood laat opstaan het! Dit herinner ons ook aan sy Heilige Gees wat in ons harte woon en deur die Woord van God en die prediking ons op ons lewenspad lei! Die vraag is net of ons in gehoorsaamheid bereid is om dié pad te volg en om dit ook aan die volgende geslag te vertel soos God in hierdie Psalm van ons vra.

Sing: Psalm 78:15 & 25

Dr. CJ Malan (Emeritus)